Reformerende Kerk
Pretoria

9 Februarie

1Samuel 16:31-58.

Die Here wat my red gered het uit die kloue van die leeu en die kloue van die beer, Hy sal my red uit die mag van hierdie Filistyn (v.37).

Ons word getref deur die waagmoed van Dawid. Hy wat eintlik maar 'n skaapwagtertjie is, wat sy pa se boodskapper is, is bereid om te veg vir die eer van sy God. Daar is 'n dapperheid in hom wat gebore is uit sy verhouding met God self. Hy twyfel nie aan God se bestaan nie. Ook nie aan die trou van die Here nie en Hy gee homself oor in die hande van hierdie betroubare Here.

Doen ons dit ook as die wêreld onseker word of as ons die reuse wat ons bedreig in die gesig moet staar? Glo ons dan ook dat die Here elke belofte van sy woord aan ons gestand sal doen?

Soms verval ons in groot onsekerheid. Dan is soos soos die Israeliete wat deur die reus beledig word en nie reageer nie. Die reuse word dan vir ons te groot en ons vergeet van die Here wat saam met ons in die stryd staan. Ons vergeet dan dat die stryd eintlik gaan om die eer van God.

Gaan staan net digby die Here. Vertrou Hom met jou lewe. Hy is die enigste Vader wat werklik vir jou kan sorg in die moeilikste omstandighede. Juis dan moet jy vertroue hê in sy omvattende kennis, groot krag en ontsettendse liefde. Dan moet jy weet Hy gee vir jou om.

Met sulke diepgang in jou geloof, kan jy die reuse die stryd aansê met vyf klippies en 'n slingervel. So staan jy sterker as die reuse wat jou bedreig van kan jy jou taak daagliks met vertroue aanpak.

Here, help my om die reuse wat my bedreig, te verslaan.